

# VOORKOMING EN BEHEER VAN HONDSDOLHEID

## Gereelde vrae en antwoorde

### 1. Wat is hondsdolheid?

Hondsdolheid is 'n siekte wat deur 'n virus veroorsaak word. Dit besmet die brein en veroorsaak in 100% van die gevalle verwarring, epileptiese aanvalle, spierverlamming en die dood.

### 2. Watter diere kan hondsdolheid hê?

In Suid-Afrika word hondsdolheid onderhou in sommige populasies van mak honde, sowel as sekere spesies wild in sekere gebiede, insluitend vlermuisjakkalse, jakkalse, geelmongoose en aardwolwe. 'n Besmette dier kan 'n ander dierespesie besmet deur dit te byt, lek of krap.

### 3. Hoe weet jy of 'n dier hondsdolheid het?

'n Dier met hondsdolheid sal dikwels 'n skielike, onverklaarbare verandering in gedrag toon. Huisdiere kan skielik aggressief raak of verward voorkom, terwyl wilde diere hul vrees vir mense verloor, hulle nader en soms aanval. Ander tekens sluit in oortollige speekselafskeiding, moeite om te sluk, spierstyftrekkings, swakheid, koors, braking en diarree. Besmette diere sal binne 2-10 dae, nadat hulle die eerste keer tekens van siekte getoon het, vrek.

### 4. Waar kom Hondsdolheid in Suid-Afrika voor?

Hondsdolheid kom oral in Suid-Afrika voor, maar dit word in verskillende dierepopulasies in verskillende gebiede onderhou. Daar is tans huishondsiklusse wat uitbrekings in groot dele van die Oos-Kaap en kusgebiede van KwaZulu-Natal veroorsaak. Hondsdolheid kom ook in 'n mindere mate in sommige dele van oostelike Mpumalanga en Limpopo voor. In die Wes-Kaap is vlermuisjakkalse die hoofgasheer, maar hondsdolheid kom ook van tyd tot tyd by ander wildspesies voor. Jakkalse is die hoofwildgasheer van hondsdolheid in die noordelike dele van Suid-Afrika en geelmuise in die sentrale dele.

### 5. Hoe raak hondsdolheid mense?

Mense kan met hondsdolheid besmet word deur 'n hondsdol dier wat hulle byt, lek of krap. Die virus beweeg dan langs die senuwees na die brein – dit kan duur vanaf ‘n week tot ‘n jaar. Sodra die virus die brein bereik en begin repliseer, begin simptome van die siekte wys en 'n geaffekteerde persoon sal sterf. Daar is geen behandeling vir hondsdolheid nie, net voorkoming.

### 6. Hoe kan ons hondsdolheid voorkom?

Hondsdolheid is baie maklik om te voorkom deur huishonde en -katte in te ent. Jou troeteldier moet deur 'n veearts ingeënt word wanneer hulle drie maande oud is, weer



op ’n jaar oud en dan elke 1-3 jaar afhangende van die hondsdolheidrisiko in die area. By mense word 99% van hondsdolheidgevalle deur hondsdolhonde veroorsaak, so inenting van troeteldiere is ook die beste manier om menslike hondsdolheid te voorkom. Mense wat met 'n hondsdoldier in aanraking was, kan mediese behandeling ontvang wat sal verhoed dat hulle die siekte ontwikkel as hulle vinnig optree.

**7. Wat moet jy doen as jy vermoed jou troeteldier het hondsdolheid?**

Voorkom kontak tussen die verdagte dier en enige ander diere of mense. Kontak dan dadelik jou privaat veearts, staatsveearts of dierewelsynskliniek. Staatsveearts se kontakbesonderhede is beskikbaar by https://www.elsenburg.com/veterinary-services/animal-health-and-disease-control/

**8. Wat moet jy doen as jy dink jy was in aanraking met 'n hondsdol dier?**

As jy ’n wond of krapmerk het, was dit baie deeglik met seep en water. Gaan dan dadelik na jou naaste kliniek of dokter en vertel hulle dat jy vermoed jy was in kontak met 'n hondsdol dier. Moenie wag nie; hoe gouer jy behandeling ontvang, hoe groter is die kans dat jy nie hondsdolheid sal ontwikkel nie. Sodra simptome van hondsdolheid verskyn, is dit te laat.

**KONTAKBESONDERHEDE:**

| TITEL | KONTAK NR | E-POS | ADRES |
|---|---|---|---|
| Staatsveearts: George | 044-803-3771/0 | SVGeorge@westerncape.gov.za | 4 Varing Avenue, George |
| Staatsveearts: Boland | 021-808-5028/ 5253 | SVBoland@westerncape.gov.za | Western Cape Department of Agriculture building, Muldersvlei road, Elsenburg |
| Staatsveearts: Swellendam | 021-808-5059/ 028-425-4850 | DOA.svswellendam@westerncape.gov.za | 67 Voortrekker St, Swellendam |
| Staatsveearts: Beaufort West | 023-414-9220/1 | DOA.svbeaufortwest@westerncape.gov.za | Blyth St, Beaufort West |
| Staatsveearts: Vredendal | 027-201-3514/-0 | DOA.svvredendal@westerncape.gov.za | Cnr Matzikama and Noord St. Vredendal |
| Staatsveearts: Malmesbury | 022-433-8915/0 | DOA.svmalmesbury@westerncape.gov.za | Cnr Spoorweg and Munisipale St, Malmesbury |
| Staatsveearts: Oudtshoorn | 044-203-9443/5 | DOA.svoudtshoorn@westerncape.gov.za | 43 Van Der Riet St, Oudtshoorn |
| Staatsveearts: Worcester | 021-808-5052 | DOA.svworcester@westerncape.gov.za | 30 Van Arckel St, Worcester |



**Laas opgedateer: Mei 2023**